LIMPOPO DEPARTEMENT VAN ONDERWYS
LAERSKOOL WARMBAD

INSTRUKSIES:Skryf jou **naam** en **van** op elke antwoordblad en jou **nommer**

1. Voltooi al die vrae.
2. Lees die vrae behoorlik deur voordat jy dit antwoord.
3. Jy kry 5 minute om die vraestel deur te lees. Moenie gedurende hierdie tyd skryf nie.
4. Antwoorde moet op die antwoordblad geskryf word.
5. Skryf duidelik en netjies. Nommers moet dieselfde wees as op die vraestel.
6. Trek 'n streep **na elke vraag**.
7. Spelling tel!
8. Jy moet al die vrae antwoord! Moet asseblief **nie** op die vraestel skryf nie!

SUMMATIEWE ASSESSERING

LEERAREA:	**AFRIKAANS HT**
GRAAD:	5 (Me. M Otto)
MODERATOR:	Me. C Enslin
TYD:	90 minute
PUNTE:	80
DATUM	**4 JUNIE 2014**

VLAK 1	**40%**
VLAK 2	**30%**
VLAK 3	**20%**
VLAK 4	**10%**

NAAM EN VAN: .....
GRAAD: 5 L S W

AFDELING A : BEGRIPSLEES

Lees die volgende leesstuk aandagtig deur en beantwoord die vrae volledig. Let op jou spelling, skryf reg af uit die leesstuk.

'n Besoek aan die tandarts

Fanie is vanoggend baie benoud. Vir die afgelope paar dae het hy al tandpyn en Moeder het vir hom 'n afspraak by die tandarts gemaak vir halfvier vanmiddag. Hy weet sommer dat die tand verwyder sal moet word en hy is vir tandtrek so bang soos die duiwel vir 'n slypsteen. Hy probeer sy aandag by sy werk bepaal, maar kort-kort dwaal sy gedagtes na vanmiddag se beproewing.

Om kwart oor drie daardie middag maak hy sy opwagting by die spreekkamer. Die vriendelike ontvangsdame laat hom in die wagkamer sit en gee vir hom 'n paar tydskrifte om deur te blaai. Hy was nog met die eerste een besig toe sy hom kom haal en na die tandarts neem.

Daar laat 'n verpleegster hom op 'n stoel sit en sy hang 'n wit doek om sy nek. Hy kyk rond en sy keel trek byna toe van vrees vir al die vreemde instrumente wat hy sien. Toe dr. Smit later inkom, was Fanie al op die punt om spore te maak. Die dokter merk Fanie se benoudheid en omdat hy kinders verstaan, verduidelik hy eers die doel van elke instrument aan sy pasiënt. Dit stel die seun in 'n mate gerus en hy laat toe dat die tandarts sy tande ondersoek. Dit was toe ook soos hy gevrees het: die tand moet uit.

Fanie knyp sy oë styf toe as die pynstillende inspuiting toegedien word. Binne 'n paar minute voel hy nie meer pyn nie en sy lip voel heeltemal dood as hy daaraan vat. Op versoek van die dokter maak hy sy mond oop. Hy sien hoe 'n tangetjie met 'n snaakse krom punt nader gebring word en hy knyp sy oë styf toe om nie te kan sien wat die dokter aan hom gaan doen nie. Hy voel 'n ligte plukkie en wag in spanning vir die foltering wat hy al die hele dag lank verwag. Die verpleegster vra hom om sy mond uit te spoel. Dr. Smit lag lekker oor Fanie se verbaasde gesig wanneer hy verneem dat die tand klaar getrek is. Tuis het Fanie vertel dat hy glad nie bang was nie en dat hy nie eers een keer lus was om te vlug nie. Daardie aand het hy sonder tandpyn aan die slaap geraak.

a. Hoekom kon Fanie nie sy aandag by sy werk bepaal nie? (1)
b. Hoe laat moes hy die afspraak by die tandarts nakom? (1)
c. Wie het hom na die wagkamer geneem? (1)
d. Hoe het hy die tyd in die wagkamer verwyl? (1)
e. Hoekom was hy lus om uit die spreekkamer te vlug? (1)
f. Hoe het die dokter probeer om hom gerus te stel? (1)
g. Wat is die doel van die pynstillende inspuiting? (1)
h. Het Fanie geskree toe die dokter sy tand trek? (1)
i. Wat het hy tuis aan sy familie vertel? (1)
j. Hoekom dink jy het hy nie die waarheid vertel nie. (1)
k. Skryf een vergelyking neer uit die leesstuk. (1)
[11]

AFDELING B : SKRYF

Kyk na die prentjies van die kat en die muis



Lees nou die sinne oor die storie. Jy sal sien hulle is deurmekaar. Watter sin pas by watter prentjie? Skryf die hele sin oor. Dink jou eie sin vir die laaste prentjie uit. ONTHOU dat 'n sin met 'n hoofletter begin!

1. Die kat spring op en jaag die muis.
2. Oeps, die muis val per ongeluk oor die kat se snor.
3. Die kat lê op die mat en slaap rustig.
4. Die muis kruip saggies by die kat verby.
5. Die kat skrik wakker en die muis skrik ook.
6. ? (8)

AFDELING C : TAAL

1. Gee die meervoude van die volgende woorde:
a. afspraak
b. tand
c. verpleegster
d. lip
e. gesig (5)

2. Verdeel die onderstaande woorde in lettergrepe en sê telkens of dit ‘n oop of geslote lettergreep is:

a. pynstillende
b. instrumente
c. ondersoek
d. pasiënt
e. beproewing (10)

3. Verander die volgende sinne na iemand se direkte woorde (Direkte rede)

a. Die digter sê dat hy nou moeg is vir reën.
b. Die seun sê dat hy baie van rugby hou.
c. Die meisie vertel dat hulle hard oefen vir netbal.
d. Die mans vra of daar darem nog biltong is om te eet.
e. Die vroue vra of hulle nog gaan tee drink. (10)

4. Plaas die regte leesteken agter elke sin en sê watter sinsoort dit is.

a. Jan se gesin het by oupa op die plaas gaan kuier
b. Sies, hy ruik verskriklik
c. Waar het Piet die potlood gekry
d. Eina, jy het op my toon getrap
e. Los die kat en haar kleintjies (10)

5. Sê watter soorte selfstandige naamwoord (versamelnaam, soortnaam, eienaam of abstrakte selfstandige naamwoord) elk van die volgende woorde is.



Versamelnaam	Soortnaam
Eienaam	**Abstrakte selfstandige naamwoord**

(5)

6. Dui in elk van die volgende sinne die onderwerp, gesegde en voorwerp aan. (Tref duidelik onderskeid tussen elkeen.

bv. Die kleuter sit op die stoel
Onderwerp : Die kleuter
Gesegde : sit
Voorwerp : op die stoel.

a. Die boer plant mielies
b. Ouma knie die deeg.
c. Die kind skryf ‘n gedig.
d. Die tuinier sny die gras.
e. Die voorman werk op die plaas. (5)

7. Vorm afleidings van die volgende woorde:
a. sorg
b. moed
c. staan
d. loop
e. sluit (5)

8. Skryf die samestellings van die volgende woorde:
a. seun + skool =
b. man + hoed =
c. hond + hok =
d. eet + tyd =
e. volk + lied = (5)

9. Bepaal die byvoeglike bepaling, asook die bywoordelike bepaling, in elke sin en skryf dit neer.
a. Die man met die groen oë ry so vinnig soos blits.
b. Die ouma met die kierie brei die mooiste truie.
c. Die seun agter in die bus trek die dogters se hare. (6)

TOTAAL : 70